



DeeltitelForum
TERTIUS MAREE

In duplum-reël kan strik wees

'N Kwessie wat dikwels ter sprake kom, is die verhalings van rente ten opsigte van agterstallige heffings. Dit is iets wat ek al meermale in DeeltitelForum aangevoer het, ook soms met verwysing na verjaring van eise ná die verloop van drie jaar sowel as die in duplum-reël. Albei is strikke waarin trustees maklik kan trap indien hulle te lank versuim om agterstallige heffings te oorhandig vir invordering.

In duplum-reël

Die in duplum-reël ten opsigte van deeltitelbestuur sal slegs ter sprake kom indien die rentekoers vir agterstallige heffings op 'n hoë vlak vasgestel is en die instelling van regsprosesse nie betyds geskied nie. In my praktyk het die reël al meermale sy kop uitgesteek, met ernstige gevolge vir die klient, naamlik die regspersoon van die deeltitelkema.

Die in duplum-reël skyn heel eenvoudig te wees, naamlik dat die totaal van rente verskuldig nooit die kapitaalbedrag waarop dit bereken word, mag oorskry nie. Die reël berus nie op enige

wetgewing nie, maar op ons gemene reg, geërf van die Romeinse sowel as die latere Romeins-Hollandse Reg.

Die relevansie

Die vraag of dit nog enigszins relevant is in die moderne regspleging, is duidelik deur ons hoë beantwoord, naamlik dat dit veral in moderne ekonomiese stelsels van belang is en dan ook veral in ons huidige grondwetlike bedeling, waar die klem op beskerming van die verbruiker val.

Paulsen vs. Slip Knot

Hóé ingewikkeld die toepassing van dié skynbaar eenvoudige regsbeginsel kan wees, is dramaties bewys in 'n onlangse uitspraak van ons konstitusionele hof in die bykans ongelooflike saak *Paulsen teen Slip Knot Investments*, waarby vier hoë en vyftien regters betrokke was, met, verbasend genoeg, uiteenlopende menings en uitsprake. 'n Boek kan geskryf word oor die vele en belangrike argumente, grondwetlike interpretasies en uitsprake wat deur die regters na vore gebring is, maar ek bepaal my vandag by wat die

kern-argument was waaroor die regters verskil het, naamlik die vraag óf die werking van die in duplum-reël deur die uitreiking van 'n dagvaarding opgeskort word.

Die uitspraak

Die meerderheidsuitspraak was dat dit nie opgeskort word nie, sodat verdere rente nie oploop tydens die duur van die saak nie en eers weer begin oploop wanneer en indien vonnis ten gunste van die eiser uitgereik word.

In die onderhawige geval was die toepaslike koers 3% per maand saamgestelde rente, wat 'n besonder hoë koers is. Ek het gewonder of die saak ooit tot in die konstitusionele hof sou vorder en of die uitspraak uiteindelik dieselfde sou wees indien die koers nie so geweldig hoog was nie.

Dit bring my by 'n waarskuwing wat ek al meermale aan trustees gerig het, naamlik dat wanneer hulle 'n rentekoers vir agterstallige heffings vasstel, 'n te hoë koers 'n uitnodiging aan

die hoë en/of die wetgewer kan wees om in te gryp.

Die voorgeskrewe of "moratoire" rentekoers is onlangs verlaag van 15,5% na 9% – 'n aansienlike verlaging wat duidelik die regering se beleid van verbruikersbeskerming weerspieël. Die voorgeskrewe koers geld net in gevalle waar geen ander koers vasgestel is nie, en dan slegs vanaf datum van uitreiking van dagvaarding. Al is 'n

||
Dit behoort as afskrikmiddel teen wanbetaling te dien.

eienaar nie 'n verbruiker teenoor die regspersoon nie, is my advies aan trustees gevolglik om, jaarliks wanneer heffings deur hulle vasgestel word, altyd ook 'n rentekoers vas te stel; anders is geen rente

van skuldenaars verhaalbaar nie tot en tensy dagvaarding uitgereik word, en dan eers invorderbaar vanaf datum van vonnis.

Die koers

En wat behoort sodanige koers dan te wees, of wat sal 'n veilige koers wees? In hierdie verband moet eerstens in gedagte gehou

word dat indien die regspersoon 'n bedrag gelykstaande aan die tekort veroorsaak deur onbetaalde heffings sou moes leen, die rentekoers vir sodanige lening veel hoër as die voorgeskrewe rentekoers sou wees, inderdaad selfs hoër as 20% per jaar. Wat ook in gedagte gehou moet word, is dat die rentekoers as 'n afskrikmiddel teen wanbetaling behoort te dien.

Jaarkoers

Terwyl dit dus heeltemal ontoereikend sal wees om staat te maak op die verhalings van "voorgeskrewe" rente – vanweë die lae koers daarvan én omdat dit eers in 'n laat stadium inskop – sou ek trustees aanraai om 'n jaarkoers in die omgewing van 15% vas te stel, en nie hoër as 20% nie. Die koers word nie deur wetgewing, waaronder die Nasionale Kredietwet, aan bande gelê nie, maar ons wil nie hê dat dit wel moet gebeur of dat die hoë ingryp deur alles moontlik te doen om die rente ongeldig te verklaar nie. En glo my, weens omvangryke gebreke prosedures en bewoording, sal sodanige ingryping dikwels moontlik wees!